

Donderdag 12 Maart

Skrifgedeelte: Lukas 2:1-12

Fokusgedeelte: Lukas 2:2

Cirenius, die man met 'n verkeerde vriend

Hoe kom 'n man soos Cirenius bo uit? Hy is nie as 'n hooggeplaaste gebore nie, en tog het hy groot hoogtes in sy lewe bereik: hy word goewerneur van die provinsie Sirië, wat Judea en Jerusalem ingesluit het.

Hy kon hierdie hoogtes bereik omdat hy 'n vriend van die keiser was. Hierdie vriendskap was vir hom baie kosbaar, en hy sou alles doen om dit te behou en te verstewig. Toe die keiser die sensus uitroep sodat belasting beter ingevorder kon word, is Cirenius voor in die koor: hy sal sorg dat dit gebeur en goed gebeur! Hy is bereid om bloed te laat vloei solank die keiser net sy vriend kan bly – 'n vriendskap wat hy met belastinggeld in stand hou.

Uit historiese bronne weet ons dat Cirenius die opstand wat deur Judas die Galileër gelei is, bloedig onderdruk het (vgl. Hand. 5:37). Terwyl Cirenius sy loopbaan bou, gebeur daar iets reg onder sy neus wat blykbaar heeltemal by hom verbygaan: die Verlosser word gebore. Mens wil dit amper uitskreeu: "Cirenius, jou Heiland is hier!" Dit is egter vir hom nie belangrik nie, sy vriendskap met die keiser is.

Ons hoor nooit weer van Cirenius nie. Al sy gejaag na die hoogste sport was inder daad 'n gejaag na wind. Vir al wat ons weet, het hy Jesus misgeloop, en Jesus was so naby.

As mens Cirenius se lewensverhaal lees, klink hy so modern. Hy het alles gegee vir 'n verkeerde vriendskap. Sy lewe is nie roemryk nie, maar tragies, want dit is sonder Jesus.

In ons wêreld is daar baie soos hy. Mans en vrouens wat so naby aan Jesus verby skuur en Hom nogtans nooit ontmoet nie. Dit is ons voorreg om Jesus aan sulke mense voor te stel.

Sing: Psalm 119-1:22

Ds. D van't Zand (Dirk) (Witpoortjie)